

72/90

CG

SAAKNOMMER: 629/89

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak van:

FRANK KGIEAS NGOBENI

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: BOTHA, STEYN ARR et ~~NICHOLAS~~ ~~WAR~~

AANGEHOOR: 25 MEI 1990

GELEWER: 1 JUNIE 1990

UITSpraak

STeyn AR

Appellant as beskuldigde 1, en Mohale Ananias Rammala as beskuldigde 3, is in die Transvaalse Provinsiale Afdeling saam met die vrou Safira Mabena en die man Ezekiël Msimango as beskuldigdes 2 en 4 onderskeidelik, soos volg aangekla ten aansien van die gebeure op plot 110 by Onderstepoort op 17 Desember 1987: klag 1: moord op Henry Ernest Stewart, die 66-jarige oorledene en bewoner van voormelde plot; klag 2: roof met verswarende omstandighede op die oorledene waarby n hele reeks artikels betrokke is, o.m. n TV stel, n 9 mm Star pistool met magasyn, n mans polshorlosie en n Toyota Cressida motorkar, alles die eiendom van oorledene; en klagtes 3 en 4: onwettige besit van die voormelde pistool en van die ammunisie daarvan. Voor pleit is die klagtes teen beskuldigdes 2 en 4 terugetrek. Die saak het voortgegaan teen appellant en beskuldigde 3. Albei het onskuldig gepleit op al die klagtes. Tydens die verhoor het hulle hul oorspronklike nommers behou.

Die oorledene se naakte lyk is op 18 Desember 1987 deur sy seun Alexander gevind in die sitkamer van sy woonhuis op die plot. Sy voete was oorkruis met draad vasgebind. Die voormelde en ander geroofde goed is uit die huis vermis. Die beskadigde Toyota Cressida is deur die oorledene se ander seun, Stefanus, om 12h00 op 18 Desember 1987 gevind by die dorpie Rosslyn, ongeveer 15-20 km van gemelde plot af. Daar was 8 kaphoue op die oorledene se kop. Drie van daardie houe is in die skedel ingedryf. Die oorsaak van dood was skedel- en breinbeserings. Volgens die mediese getuienis is die kaphoue heel waarskynlik met 'n byl toegedien.

Appellant is op al die klagtes skuldig bevind maar beskuldigde 3 net op klagtes 1 en 2. Geeneen van hulle het getuig tydens die ondersoek na die bestaan al dan nie van versagtende omstandighede nie. Die hof het bevind dat daar geen versagtende omstandighede was nie en albei is ter dood veroordeel op die moordklag. Op die

ander klagtes waarop hulle onderskeidelik skuldig bevind is, is vonnisse van gevangenisstraf aan hulle opgelê. Met verloop van hierdie Hof appelleer appellant teen sy skuldigbevinding en doodvonnis op die moordklag (en gevolglik ook teen die bevinding dat daar in sy geval geen versagende omstandighede was nie).

Tydens die verhoor was die toelaatbaarheid van twee verklarings van en h uitwysing deur appellant betwis. Hy het beweer dat hy aangerand is, voorgesê is deur die polisie en geen uitwysing gedoen het nie. Die hof het sy getuienis verwerp en bevind dat die verklarings en uitwysing vrywillig deur hom gedoen is en toelaatbaar is. Hierdie appèl is ook teen daardie beslissing gerig. Daar is na my oordeel geen rede om met dié beslissing in te meng nie.

Appellant en beskuldigde 3 het albei in hul getuienis erken dat hulle teenwoordig was toe die oorledene vermoor en beroof is. Hulle het albei ook

getuig dat oorledene doodgekap is met n byl, dat hulle met die geroofde eiendom in die oorledene se voormelde motorkar weg is, en dat van dié goed aan verskillende persone verkwansel is. Elkeen het egter die skuld op die ander gepak. Elkeen het beweer dat dit die ander was wat die oorledene doodgekap het. Elkeen het ook beweer dat hy onder dwang deur of vrees vir die ander deelgehad het aan die verwydering en verkoop van die geroofde goed. Albei het ook beweer dat die ander voor die moord met die oorledene bier gedrink het. Dat dit leuens is blyk uit die feit dat geen alkohol in die oorledene se bloed gevind is nie. Verskeie staatsgetuies het getuig dat appellant die leidende rol gespeel het met die verkoop van sekere van die geroofde goed, dat hy ook die motor bestuur het en die vuurwapen in sy besit had. Daar is ook getuig dat hy op n geleentheid, terwyl hy die bestuurder van die motor was, windmakerige gebare met die pistool aan omstaanders gemaak het. In die verklaring,

bewysstuk G, wat hy tydens voormelde uitwysings aan kapt Viktor van die SA Polisie gemaak het, het appellant ook o.a. die volgende gesê:

"Ek en Ananias" (beskuldigde 3) "het vanaf Mabopane gekom. By die hek het hy gesê ek moet wag" (die "hek" is dié van oorledene se voormelde plot) ... "Ons het toe alreeds afgespreek om die blanke te beroof."

Die verhoorhof het albei beskuldigdes se selfverontskuldigende bewerings verwerp en het bevind dat appellant en beskuldigde 3 ter uitvoering van h gemeenskaplike doel die oorledene vermoor het. Daarom is albei skuldig bevind soos reeds gemeld. Daar is na my mening geen rede om daarmee in te meng nie. Die skuldigbevindings is klaarblyklik korrek. Daar was geen afsonderlike getuienis hoegenaamd voorgelê ten aansien van die bestaan al dan nie van versagtende omstandighede nie. Daar was op die feite wat tereg deur die verhoorhof op die meriete bevind is, geen aanduiding van die bestaan van enige sodanige omstandighede nie. Daar is gevolglik

geen fout te vind met die hof se voormelde bevinding dat daar inderdaad geen versagtende omstandighede was nie.

Na my mening is daar geen meriete in die appèl nie. Appellant was, na my oordeel, tereg aan moord skuldig bevind en ter dood veroordeel.

Die appèl word afgewys.

M T STEYN AR

BOTHA AR) STEM SAAM
NICHOLAS WAR)